



## VOLKSVERGADERING

**Kennis geskied hiermee van die 10de Volksvergadering van  
DIE GELOFTEVOLK VAN SUID-AFRIKA,**

**D.V. 29-30 September 2018 te Orania Volks-skool.**

Die GELOFTEVOLK is daardie volk wat gebonde is aan ons hemelse Vader op grond van die Skrifte en gekenmerk word deur ons geskiedenis, vernaamlik deur die geloftes wat sedert volksplanting tot stand gekom het, naamlik:-

Die Geloftes van: Van Riebeeck [1654]; Bloedrivier [1838] en Paardekraal [1880].  
Ons is vanaf die begin die Geloftevolk!

### **GRONDONTIENING SONDER VERGOEDING** **is baie aktueel !**

**Dit word binne Gelofteverband aangespreek tydens hierdie Volksvergadering!**

Volksgenote word hiermee uitgenooi om persoonlik te deel in die vrywordingsproses van die Geloftevolk, wat ingevolge die besluite van die Vegkop Volksvergadering van September 2009, geskoei moet wees **op die nakoming van ons volksgeloftes**.  
Die outentieke bewoording van die Bloedrivier Gelofte is in wese ons Godgegewe vryheidsmanifes.

Die Tema van die Volksvergadering is:  
**Rig.2:2d “Wat het julle nou gedoen?”**

Met die lees van Rigters 1 en 2 kom mens tot die besef dat Israel die opdragte van die HERE [JHWH] verontagsaam het toe hulle die Beloofde Land in besit geneem het.

Hulle het nie volgens opdrag die land gereinig van die inwoners en hul gruwelike gebruike nie, maar hulle dienspligtig gemaak. Daarop het die Engel hulle aangespreek en gesê: **“Wat het julle nou gedoen?”** Hul ongehoorsaamheid het gelei tot ‘n bepaalde straf, nl.: **“Ek sal hulle nie voor julle uit verdrywe nie, sodat hulle vyande vir julle sal wees, en hulle gode ‘n strik vir julle.”**

Hierdie straf het geweldige skade aan Israel aangerig. Hulle was gedurig in oorlog gewikkel en onder vreemde heerskappy en het toenemend besmet geraak met die heidene se godsdiens, wat die grimmigheid van JHWH [die HERE] laat toeneem het. Hulle is uit die land van melk en heuning weggestuur in twee ballingskappe en het uiteindelik tot weduwee geword deur die dood van hul Maker en Man<sup>1</sup> – JaHshua Messias [Jesus Christus].

Nou word Jesus gesmaak deur die leiers van die EFF en BLF. Die EFF sê dat Sy wederkoms 5 jaar gelede plaasgevind het by Marikana en dat die EFF Jesus is.

<sup>1</sup> Jes.54:4-5

Die BLF sê dat Jesus hulle herinner aan wit mense en dat hulle Hom sal dood maak en Sy Liggaam sal verbrand, sou Hy weer kom. Zuma het gesê dat die ANC sal regeer tot Jesus kom, terwyl hy in terme van die Bybel afgodery beoefen en gedurende Januarie 2015 die Gees van Jan van Riebeeck in 'n ritueel "uitgedryf" het tydens ANC feesvierings. Nou kan mens jouself die vraag afvra:

Wat het ons gedoen toe ons die vorige grondwet, **wat die Oppergesag en Leiding van God Almagtig erken het**, gedurende **1994** die rug toegekeer het? Dit vir 'n multikulturele reënboog bestel – noodwendig 'n multigodsdienstige bestel – waar **God Almagtig** verseker nie teenwoordig is nie, want **Hy is 'n Heilige/Afgesonderde God**.

Hy het Israel uit Egipte laat wegtrek om Hom te dien, omdat hulle Hom nie te midde van die Egiptiese multigodsdienstige bestel kon dien nie. Die eerste gebod beveel dat jy geen ander gode voor Sy Aangesig mag hê nie. In 2Kor.6 vanaf vers 14 staan dit duidelik dat mense van die Lig hulle moet afsonder van mense van die Duisternis.

Nou word daar openlik teen Christus [Lig] te velde getrek en word Hy en die Heilige Gees gesmaad. Dit is ons as Christene se plig om ons geloof in God te verdedig. Andersins verloën ons Hom en kan ons dieselfde te wagte wees. Die stank vir dank en smaadreses wat Hy, en ons as Sy volgelinge te beurt val, moet ons vermaan om met versigtigheid die evangelie te verkondig en mooi te besin hoe ons soewereine bestel moet funksioneer, sodra ons weer die geleentheid daartoe ontvang.

Die grondonteiening wat ons in die gesig staar en die gronddiefstal aantuigings teen ons, is infame leuens en getuig van 'n ander gees as die Gees wat ons bely – 1Joh.4:1.

Hieruit is dit duidelik dat die huidige bestel ons vyandig gesind is en vir ons 'n strik geword het, soos in die dae van Rig.1 en 2.

Dit is egter nie rede om moedeloos te word of land uit te vlug nie. Ons moet beseef dat God in beheer is en dat HY voorwaardes stel vir voorspoed en teenspoed – bv. Deut.28 & 29. Ons beleef tans byna ongekende teenspoed weens veral ongehoorsaamheid aan God se bevele m.b.t. ons gelofteonderhouding - Deut.23:21-23 en Pred.5:3-5.

Sedert die 2009 Volksvergadering te Vegkop Geloftefeesterrein het die GKK die oorsaak van God se heersende strafgerig oor ons geïdentifiseer en ons uitkoms uit hierdie strafgerig is 'n Skriftuurlike beginsel en tot ons beskikking. Ons voorsate het op 'n bepaalde Bybelse manier hul soewereiniteit herwin en ons moet net dieselfde Bybelse voorskrifte volg. Dit verval nooit! Doen moeite en kontak ons of lees dit op [www.volksvergadering.co.za](http://www.volksvergadering.co.za)

### **Sakelys:**

#### **29 September 2018**

- |               |                                                                                               |
|---------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------|
| 08h30 - 09h00 | Opening                                                                                       |
| 09h00 - 09h30 | Verwelkoming en ordereëlings                                                                  |
| 09h30 - 10h00 | Die Tema: Rig.2:2d "Wat het julle nou gedoen?"                                                |
| 10h00 - 10h30 | Bespreking                                                                                    |
| 10h30 - 11h00 | Pouse                                                                                         |
| 11h00 - 11h30 | Gee die volks-geloftes vir die Geloftevolk die vestigingsreg tot grondgebied in Suid-Afrika ? |
| 11h30 - 12h00 | Bespreking                                                                                    |
| 12h00 - 12h30 | Wat is die uitvoerbaarheid van vryheid gelykheid en broederskap in 'n demokratiese stelsel?   |
| 12h30 - 13h00 | Bespreking                                                                                    |

13h00 – 14h00	Ete – Selfvoorsienend
14h00 – 14h30	‘n Christen teokrasie as alternatief vir die multikulturele demokrasie in SA.
14h30 – 15h00	Bespreking
15h00 – 15h30	Die getuienis van Skrifgetalle in ons Volk se geskiedenis.
15h30 – 16h00	Pouse
16h00 – 16h30	Bespreking
16h30	Dag Afsluiting

Gesellig saam verkeer rondom die braaivleisvuur. Pap en sous sal voorsien word.

### **30 September**

08h30 - 08h45	Opening
08h45 - 09h00	Verwelkoming
09h00 - 09h30	Dokumentering van die handeling van die Volksvergadering.
09h30 - 10h00	Pouse
10h00 – 11h00	Verootmoedigingsdiens
11h00	Volksvergadering verdaag
11h30	GKK vergadering.